BEELD
Thursday, 25 March 2010, p. 9

Swart studente sukkel om werk te kry

Werkgewers verkies wit gegradueerdes – studie

Alet Rademeyer

Swart studente het 'n skraler kans om werk te kry as wittes, ongeag of hulle aan histories swart universiteite (HSU's) of histories wit universiteite (HWU's) gestudeer het.

Dit is die geval al word faktore soos studierigting en matriekuitslae in ag geneem, het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in 'n studie bevind wat gister in Pretoria bekend gemaak is.

Die studie gaan oor die gradueringspatrone van studente aan instellings en hul toegang tot en sukses in die arbeidsmark daarna.

Prof. Haroon Bhorat, ekonomiedosent aan die Universiteit van Kaapstad wat by die studie betrokke was, het gesê 'n mens kan daaruit aflei dat dit lyk of werkgewers op grond van ras diskrimineer wanneer hulle gegradueerdes aanstel.

Die studie het 5 491 studente betrek wat hul studie in 2002-'03 by sewe hoëronderwysinstellings voltooi of gestaak het.

Die instellings is die universiteite van Fort Hare, Stellenbosch, die Witwatersrand, die Noorde (Turfloop), Wes-Kaapland en die destydse technikons Pretoria en Kaapse Skiereiland.

Uit die studie het geblyk 39% van swart studente het afgestudeer en 61% nie, teenoor onderskeidelik 66% en 34% wit studente.

Die instellings waar die meeste studente nie hul studie voltooi het nie, is Fort Hare (78%) en Turfloop (83%).

Wat werkloosheid betref, is ook bevind 67% van studente aan Fort Hare, 57% aan Turfloop en 41% aan die Technikon Kaapse Skiereiland het nie werk gekry nie, teenoor net 13% van studente van Stellenbosch en 23% van Wits.

In die studie is voorts bevind 53% van swart manstudente en 71% swart vrouestudente het nie hul studie aan HSU's voltooi nie teenoor onderskeidelik 54% en 46% van hulle wat ook nie by HWU's klaargemaak het nie. 27% van wit manstudente en 10% van wit vrouestudente het nie by HWU's klaargemaak nie.

Luidens die verslag is die nievoltooiingskoers van studente se studie beduidend hoër aan HSU's (62%) as by HWU's (37%).

Die studie het ook faktore soos die opleidingsvlak van ouers en hul verdienste in ag geneem, wat getoon het sowat 25% van swart studente aan HSU's se ouers het tersiêre opleiding terwyl hul gemiddelde maandelikse inkomste R4 240 is. Die ouers van swart studente aan HWU's se maandelikse inkomste is sowat R5 420. 73% van wit studente se ouers het tersiêre kwalifikasies en 'n maandelikse inkomste van R40 491.

Nog 'n faktor is die toelatingspunt van swart en wit studente. In wetenskap, ingenieurswese en tegnologie was swart studente se gemiddelde toelatingspunt 22,6 teenoor wit studente se 37,5 aan HWU's.

Haroon het gesê dit is dus so dat ras, geslag, soort instelling en studieveld 'n impak het op die waarskynlikheid om te gradueer.

Wat volgens hom egter baie insiggewend is, is die bevinding dat ras en geslag nie 'n beduidende impak het op die verdienste van wit of swart studente nadat hulle wel in diens geneem is nie.